

GR 7 Oorsig: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Kwartaal	Tekste in konteks waarbinne leer en onderrig plaasvind <small>Onthou: Die leerder moet voorberei word vir die formele taak daarom word die formele taak voorafgegaan deur 'n informele taak</small>			
Kwartaal 1	Multimedia Week 1-4 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Luister Ass 2 Lu 2 Praat Ass 2 & 4 Lu 3 Lees en Kyk Ass 3,5,6 Lu 4 Skryf Ass 2,3,5 Lu 5 Dink en Redeneer Ass 2 & 3 Lu 6 Taalstrukture Ass 4 &6	Eerste genre bv. Kortverhale/novelle Week 5-9 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,2,4 Lu 2 Ass 1,3,5 Lu 3 Ass 1,6,7,8 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 1,3,7,9	2 de genre bv. Gedigte Week 10 – 11 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 3 & 5 Lu 3 Ass 2,6,9 Lu 4 Ass 4 & 6 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 7 & 8	<u>Notas</u>
Kwartaal 2	Tekste van ander leerareas Investigation/demonstrasie Week 1-4 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 3 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 1,4,7,8,9 Lu 4 Ass 1 & 6	Drama/rolspel/filmstudie Week 5-8 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2	Multi-media Week 9-11 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 3,5,6 Lu 4 Ass 2,3,5 Lu 5 Ass 2 & 3	<u>Notas</u>

	Lu 5 Ass 1 & 3 Lu 6 Ass 1,7,8,9	Lu 6 Ass 2,4,5,6	Lu 6 Ass 4 & 6	
Kwartaal 3	Tekste van ander leerareas Week 1-4 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 3 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 1,4,7,8,9 Lu 4 Ass 1 & 6 Lu 5 Ass 1 & 3 Lu 6 Ass 1,7,8,9	Multi-media Week 5-6 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 Lu 2 Ass 2 & 4 Lu 3 Ass 3,5,6 Lu 4 Ass 2,3,5 Lu 5 Ass 2 & 3 Lu 6 Ass 4 & 6	Drama/rolspel/filmstudie Week 7-10 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 2,4,5,6	<u>Notas</u>
Kwartaal 4	Rolspel/drama Week 1-4 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 2,3,4 Lu 3 Ass 1,6,9 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 2,4,5,6	Gedigte Week 5-6 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 2 & 4 Lu 2 Ass 3 & 5 Lu 3 Ass 2,6,9 Lu 4 Ass 4 & 6 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 7 & 8	Kortverhale/novelle Week 7 – 10 <u>Lu + Ass</u> Lu 1 Ass 1,2,4 Lu 2 Ass 1,3,5 Lu 3 Ass 1,6,7,8 Lu 4 Ass 4,6,7 Lu 5 Ass 2 Lu 6 Ass 1,3,7,9	<u>Notas</u>

LESPLAN

(tekste van ander leerareas)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Tekste van ander leerareas (Tema: noodhulp) Lewensoriëntering , Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde en Geskiedenis), Natuurwetenskap, Lewensoriëntering, Kuns en Kultuur, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe,

Tyd: 1- 4 weke		Graad: 7	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die leesstuk uit die <i>Handleiding vir Noodhulp</i> voor aan die leerders.</p> <p><u>Lu 1 luister</u></p> <p>As 3 Luister vir spesifieke inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf eenvoudige aantekeninge (soos voltooi gegewe aantekeninge; maak 'n lys belangrike punte); • gebruik inligting om 'n tabel in te vul of byskrifte by 'n diagram te skryf. <p><u>Lu 2 Praat As 2,4</u></p> <p>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: gee uitdrukking aan menings en 	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Die klem val op luister en praat aktiwiteite wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p>Onvoorbereide lees en gespreksvoering (10 punte) asook luisteraktiwiteite (10 punte) word hierdie kwartaal formeel getoets.</p> <p>Daar moet tydens hierdie kwartaal met navorsingsmateriaal gewerk word. Die leerders moet ook navorsingsmetodes kan toepas.</p> <p>Formele taak: Toets 2 sluit in Begripstoets (20) Taal (20) en 'n opsomming (50 tot 60 woorde). (10 punte) en die skryf van 'n vriendskaplike brief (20) Totaal: 70</p> <p><i>Sien Annexures B (bylaag) vir Luisteraktiwiteit se rubriek en vriendskaplike brief en ook hoe om 'n opsomming te merk.</i></p>		<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke noodhulpprosedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p>

<p>gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle (soos: Ek dink jy moet ...);</p> <ul style="list-style-type: none"> gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: gee uitdrukking aan menings en gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle (soos: Ek dink jy moet ...); neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos formele en informele telefoongesprekke). <p>As 4 Begin sosiale en etiese kwessies debatteer:</p> <ul style="list-style-type: none"> ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris); betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy?); onderbreek die bespreking op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my ...); gee mening/standpunt en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want ...); toon instemming (soos: Ek stem saam ...) of nie (soos: Ja, maar ...); wissel tale af, indien nodig. <p><u>Lu 3 Lees en Kyk As 1,4,7,8,9</u></p> <p>As 1 Lees 'n teks (fiksie of nie-fiksie);</p> <ul style="list-style-type: none"> identifiseer doel, teikengroep en konteks; neem kennis van die manier waarop 'n teks 	<p>Verduidelik aan jou kollegas in die ander leerareas wat jou tema is en laat hulle jou bystaan met leesmateriaal of idees.</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Die onderwyser kry die handleiding van noodhulp in die hande. Onderwyser sal aan die leerders voorlees. Leerders luister aandagtig en volg terwyl die onderwyser hardop lees.</p> <p>Fokus op 'n spesifieke behandelingsmetode. Leerders moet eenvoudige aantekeninge maak of hulle kan selfs 'n lys van belangrike punte maak. Waarsku hulle vooraf dat hulle moet in staat wees om 'n demonstrasie te kan lewer</p> <p><u>Aktiwiteit 2 Formele taak: Gespreksvoering 10 punte</u></p> <p>Die onderwyser gaan nou voorlees aan die klas hoe om jou maat se arm te spalk, brandwonde of slangbyt te behandel. <i>(kies 'n behandeling wat jy dink sal tot nut wees in jou area)</i></p> <p>Terwyl die onderwyser voorlees sal 'n maat demonstereer op 'n ander maat hoe om die behandeling toe te pas. Die res van die klas sal hulle dan evalueer. Portuurgroepevaluering</p> <p><u>Aktiwiteit 3 Formele taak: Luisteraktiwiteit 10 punte</u></p> <p>Nooi die span van St Johns uit om 'n praatjie te kom lewer by jul skool. Laat hulle fokus op sportbeserings en beserings in en om die huis en watter behandeling toegepas moet word terwyl daar gewag word op die ambulans.</p> <p>Die leerders moet notas neem, want hulle gaan 'n behandeling vir 'n besering in hul eie woorde moet neerskryf na afloop van die praatjie. (50 tot 60 woorde)</p> <p>Laat die leerders toe om vrae te vra aan die span van St Johns in hul addisionele taal indien hulle iets nie verstaan nie.</p> <p>Die leerder kan en mag 'n woordeboek vir hierdie formele taak</p>	<p>Onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>Maak van eie notas</p> <p>Demonstrasie</p> <p>Maats bv. In pare</p> <p>Portuurgroepevaluering</p> <p>neem van eie notas (self)</p> <p>luisteraktiwiteit</p> <p>skryf van paragraaf (rubriek)</p>	<p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n postiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n glimpen ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><u>Swak gehoor</u></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies</p>
--	---	---	---

<p>gekonstrueer is om 'n bepaalde wêreldbeskouing oor te dra (perspektief);</p> <ul style="list-style-type: none"> • neem kennis van die rol wat visuele beelde speel om betekenis te skep en te interpreteer; • identifiseer kerngedagtes; • toon begrip van karakter, intrige en ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste. <p>As 4 Lees vir inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • volg feitelike tekste (soos 'n beskrywing van die proses om papier te maak); • lees eenvoudige diagramme, grafieke en tabelle; • som inligting op. <p>As 7 Lees vir genot:</p> <ul style="list-style-type: none"> • lees fiktiewe en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak; • lees enkele nuwe tekssoorte (soos 'n roman); • evalueer 'n teks deur 'n boekverslag te skryf; • lees 'n eenvoudige boekresensie; • los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels). <p>As 8 Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:</p>	<p>gebruik.</p> <p><u>Aktiwiteit 4 (maak van 'n plakkaat)</u></p> <p>Leerlinge moet in pare 'n plakkaat maak om 'n sekere behandelingsprosedure te demonstreeer. Daar moet sketse en verduideliking onder elke skets wees wat die behandelingsproses stap vir stap verduidelik. (bv. <i>Slangbyt, brandwonde, skok, rugbeserings sien Mathys Roets storie in die Huisgenoot</i>)</p> <p>Leerders sal aan die klas hul plakkaat kom bekendstel en die behandelingsproses verduidelik.</p> <p><u>Aktiwiteit 5 (voorbereiding: skryf van 'n opsomming)</u></p> <p>Sien Taak 6 wat 'n opsomming insluit. Laat die leerders nou eers oefen om vir jou 'n opsomming te skryf (50 - 60 woorde) bv. Gee 'n artikel of 'n pamflet wat by Outsurance of die AA beskikbaar is, wat handel oor wat persone alles moet doen as hulle heel eerste op 'n ongelukstoneel afkom.</p> <p>Indien die artikel in Engels is, laat die klas in groepies elkeen 'n ander paragraaf vertaal na Afrikaans.</p> <p>Laat die leerders in 7 punte stapsgewys verduidelik wat alles in chronologiese volgorde moet plaasvind indien hulle heel eerste op die ongelukstoneel afkom.</p> <p><u>Aktiwiteit 6 Vriendskaplike brief (20)</u></p> <p>Formele taak: Jy is 'n kranige sportman/vrou, maar ongelukkig moes jy hierdie seisoen 'n knie operasie ondergaan. Skryf vir jou klasmaats in gr 7B hoe dit met jou gaan in die hospitaal. Wat is anders? Wat mis jy die meeste? Verduidelik breedvoerig wat jou rehabilitasieproses behels. Hoeveel oefeninge jy met jou been kan en moet doen.</p> <p>Onthou die skryfproses: Beplan 'n skryfstuk volgens die</p>	<p>plakkate</p> <p>rubriek</p> <p>informele gesels oor die plakkaat</p> <p>self</p> <p>opsomming maak (informeel)</p> <p>self</p> <p>Vriendskaplike brief (formeel)</p> <p>Rubriek</p>	<p>in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p> <p>Swak siende: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter font gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole</p>
--	---	--	---

<ul style="list-style-type: none"> • gebruik die inhoudsopgawe en indeks om inligting op te spoor; • gebruik 'n woordeboek en verstaan 'n woordeboekinskrywing (spelling, klem, uitspraak, woordsoort, betekenis); • gebruik 'n eenvoudige tesourus. <p>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 4 000 tot 5 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 5 500 woorde te mik.</p> <p><u>Lu 4 Skryf As 1.6</u></p> <p>As 1 Skryf om inligting oor te dra:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vul vorms en roosters in; • skryf een of twee paragrawe om 'n proses te beskryf (soos hoe om 'n motorband om te ruil); • gebruik inligting uit 'n onderhoud en skryf 'n verslag of gee 'n beskrywing daarvan; • skryf tekssoorte nodig vir ander leerareas (soos 'n verslag). <p>As 6 Benader skryf as 'n proses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • beplan 'n skryfstuk volgens die doel, teikengroep en konteks; • skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities; • gebruik terugvoering om te hersien, te 	<p>doel, teikengroep en konteks; skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities; gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf; gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;</p> <p>Sien annexure B vir die rubriek om 'n vriendskaplike brief te merk.</p> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Verduidelik vir die leerders die belangrikheid van lees. Verduidelik dat lees jou begrip verbeter en jou woordeskat verbreed.</p> <p>Oefen begriplees in die klas. Begriplees beteken dat die leerder die teks deeglik wil verstaan. Dit kan verskillende vaardighede insluit vanaf vluglees, die herlees en/of onderstreping van belangrike dele tot die bespreking daarvan met iemand anders.</p> <p><i>(soek 'n leesstuk wat aan sluit by jou betrokke tema)</i></p> <p><u>Aktiwiteit 8 (navorsing)</u></p> <p>Septembermaand is hartmaand. Kyk uit vir inligting in koerante en op TV en in tydskrifte. Skakel gerus <i>Die Hartstigting</i> by 021 447 4222 of besoek hul webtuiste by www.heartfoundation.co.za/</p> <p>Deel die klas op in groepe van 4 tot 5 lede. Laat elke groep 'n ander vraag oor die hart gaan navors.</p> <p>Waarsku die biblioteek onderwyseres dat sy boeke oor die hart eenkant moet uit hou vir jou klas se besoek.</p> <p>Groep 1</p> <p>Die leerders moet uitvind presies waar hul hart sit en die</p>	<p>Begriplees</p> <p>Self</p> <p>Rubriek</p> <p>Navorsing</p> <p>Groepwerk kooperatiewe leer</p> <p>Mondelinge aanbiedinge</p>	<p>bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><u>Skryfprobleme</u></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende</p>
--	--	--	---

<p>redigeer en te herskryf;</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; • skenk aandag aan ontwerp en uitleg. <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer As 1,3</u></p> <p>As 1 Gebruik taal en geletterdheid oor die kurrikulum heen:</p> <p>verstaan sommige begrippe uit ander leerareas en gebruik die woordeskat wat daarmee verband hou (soos "handel" in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe);</p> <p>verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos 'n feitelike beskrywing in Natuurwetenskappe).</p> <p>As 3 Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel 'n lys belangrike punte saam); • doen eenvoudige navorsing en skryf 'n verslag wat instrumente soos grafieke, tabelle, diagramme en statistiek insluit; • dra inligting van een modus na 'n ander oor (soos gebruik inligting uit 'n visuele of geskrewe teks om 'n grafiek of tabel te skep of byskrifte by 'n diagram te skryf). 	<p>ligging daarvan moet in nie meer as 2 sinne beskryf word nie.</p> <p><i>(ligging: meer in die middel van jou bors tussen die longe)</i></p> <p>Groep 2</p> <p>Die leerders moet uitvind hoe groot hul hart is.</p> <p><i>(kind/leerder/ tiener so groot soos 'n vuus - volwassene so groot soos 2 vuiste)</i></p> <p>Groep 3</p> <p>Hierdie groep moet uitvind hoeveel krag jou hart gebruik om bloed te pomp?</p> <p><i>(neem 'n tennisbal en druk dit so hard as wat jy kan - jy gebruik net soveel krag om die tennisbal te druk as wat jou hart gebruik om bloed na die liggaam uit te pomp)</i></p> <p>Groep 4</p> <p>Hierdie groep moet uitvind hoe polsslag werk? Hierdie groep moet ook 'n demonstrasie lewer .</p> <p><i>(sit 2 vingers op die polse in jou nek. Die pols wat jy voel is die bloed wat stop en weer begin deur jou slagare vloei.)</i></p> <p>Groep 5</p> <p>Hierdie groep moet uitvind hoe groot jou aorta is?</p> <p><i>(so dik soos 'n tuinslang)</i></p> <p>Gee die groepe slegs een periode om die inligting te gaan soek.</p> <p>Diegene wat toegang het tot die internet gee hulle die geleentheid om te gaan soek. (Moenie dadelik die hartstigting se webtuiste vir hulle gee nie – laat hulle die soekenjin gebruik</p>		<p>kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><u>Hiperaktiewe kind:</u> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p> <p><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p>
--	--	--	---

<p><u>Lu 6 As 1,2,3,4</u></p> <p>As 1 Hersien grammatika wat in die vorige grade gedek is.</p> <p>As 2 Spel bekende woorde korrek:</p> <ul style="list-style-type: none"> • woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: vriende, wêreld, vyftien, wanneer); • woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: boom, bome; pen, penne); • woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken); • algemene afkortings (soos: mnr., mev., me., mej.; afkortings vir maande en dae); • pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap. <p>As 3 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:</p> <p>As 4 Brei woordeskat uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: eie, eier, uie; kuier, besoek; kwaad, kwaai); <p>As 5 Demonstreer begrip van 4 000 tot 6 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 7. Indien leerders die addisionele</p>	<p>en kyk met watter interessantheide hulle vorendag gaan kom.</p> <p>Die groepe moet 'n mondelinge aanbieding voor almal in die klas kom doen en mag visuele materiaal gebruik.</p> <p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Die leerders moet hulle ouers se liggaamsmassa-indeks (LMI) uitwerk. Gee hulle slegs die formule en laat hulle die volgende dag terug kom met die antwoord.</p> <p>Werk jou LMI so uit:</p> <p>Jou gewig (kilogram) ÷ lengte (meter) × lengte (meter) = LMI</p> <p>As iemand dus 99,79 kg weeg en 1,9 m lank is, is sy LMI 27,5</p> $\frac{99,79 \text{ kg}}{(1,905 \text{ m}) \times (1,905 \text{ m})} = 27,5$ <p>Jou LMI behoort tussen 18,5 en 24,9 te wees. Onthou, jou hart funksioneer op sy beste as jou LMI in die kol is.</p> <p>Laat die klas nou uitwerk wie se ouers is gesond en wie se ouers is op pad na 'n hartaanval. Hulle moet dit op 'n groot plakkaat aanteken. Die leerders wie se ouers se LMI te hoog is moet op 'n gevaarlys geplaas word. Hulle kinders moet vir hul 'n plan van aksie uitwerk hoe hulle hul lewenstyl gaan verander.</p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Slegs vir skole met internet verbinding</p> <p>Vir interessante hartinligting, sketse en 'n verstaanbare verduideliking van ingewikkelde hartsake, gaan na http://kidshealth.org/kid/body/heart_noSW.html of kyk na 'n aanlyn-flash-aanbieding oor die hart by</p>	<p>Eie</p> <p>Ander leerarea</p> <p>Werk 'n plan van aksie uit</p>	
---	--	--	--

taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer woorde te mik.	www.mplsheartfoundation.org/kids/ Stel die leerders bloot aan visuele of geskrewe tekste en hoe om 'n grafiek of tabel te skep of byskrifte by 'n diagram te skryf.		
Hulpmiddels: Nabetragting:			

LESPLAN

(multimedia)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Multimedia (Tema: eet jouself gesond – gevaarlike siektes is hier)

Tyd: Week 5-6			Graad: 7
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die koerantartikel, straat- en landkaarte, strokies, tabelle, nota, grappies, inligtingstukke, illustrasies, spotprente, tekens, skilderye, padtekens ens. voor aan die leerders.</p> <p><u>Lu 1 Luister</u></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):</p> <ul style="list-style-type: none"> • beantwoord vrae wat toenemend moeilik word; • identifiseer perspektief, soos in twee vertellings oor dieselfde insident; • vertel oor en som op, met ondersteuning 	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Die klem val op luister en praat aktiwiteite wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p>Onvoorbereide lees en gespreksvoering (10 punte) asook luisteraktiwiteite (10 punte) word hierdie kwartaal formeel getoets.</p> <p>Daar moet tydens hierdie kwartaal met navorsingsmateriaal gewerk word. Die leerders moet ook navorsingsmetodes kan toepas.</p> <p>Formele taak: Toets 2 sluit in Begripstoets (20) Taal (20) en 'n opsomming (50 tot 60 woorde). (10 punte) en die skryf van 'n vriendskaplike brief (20) Totaal: 70</p> <p><i>Sien Annexures B (bylaag) vir Luisteraktiwiteit se rubriek en vriendskaplike brief en ook hoe om 'n opsomming te merk.</i></p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p>		<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke noodhulpprosedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge</p>

<p>eenvoudige uitnodigings, briewe);</p> <ul style="list-style-type: none"> identifiseer doel, teikengroep en konteks. <p>As 5 Ontleed advertensies en pamflette:</p> <ul style="list-style-type: none"> identifiseer die teikengroep (Op wie is die advertensie gemik?); identifiseer die konteks (Waar word dié soort advertensies gesien?); identifiseer die boodskap; identifiseer emotiewe (affektiewe) taal; beskryf hoe die advertensie haar/hom laat voel en gee redes. <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n telefoongids; stiplees instruksies; vuglees 'n koerant se opskrifte); gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; vra iemand om woorde te vertaal; begin om leesspoed te verbeter en te evalueer. 	<p>(10 punte) informele of formele taak??</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Oefen soeklees om spesifieke inligting vinnig in 'n teks te identifiseer, bv 'n telefoonnommer van 'n spesifieke dokter of dieetkundige in 'n telefoongids. (<i>gee hulle 'n van om hulle te help</i>)</p> <p>Skep geleentheid vir die leerders om te verduidelik hoe hulle 'n spesifieke tekssoort lees. Laat die leerders dus reflekteer oor hul eie, individuele leesstrategie en ook hoe hulle dit aangepas het toe hulle nie dadelik hul leesdoel kon bereik nie.</p> <p>Voorbeeld: Wat het jy gedoen toe jy nie Hanna Smit se telefoonnommer in die telefoongids kon kry nie? Die leerders kan bv. een van die volgende doen: 'n ander spelling soek (Smit, Smith,) of 'n ander voorletter soek (J vir Johanna of H vir Hanna) of die voorletters ignoreer en ander inligting kontroleer, bv. dat sy in Gonubie en nie in Vincent woon nie.</p> <p><u>Aktiwiteit 4</u></p> <p>Die belangrikheid van lees moet onder die leerders se aandag gebring word. Lees verbeter jou taalvaardighede en daarom leer jy beter kommunikeer. Goeie kommunikasievaardighede is 'n groot sleutel tot sukses in die lewe.</p> <p>Dui aan die verkil tussen <i>diëte</i> en <i>dieet</i> en die verskil tussen <i>Finansiële</i> en <i>Finansieel</i>. Kan die leerders 'n reël aflei of 'n verduideliking gee?</p> <p><u>Aktiwiteit 5</u></p> <p>Hou 'n klasbespeking oor griep en vra vir die leerders die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> Wie het al vanjaar griep gehad? Hoe het julle siek geword? 	<p>Waarneming</p> <p>Oefen soeklees</p> <p>Oefen leesstrategieë</p> <p>In pare of groepe of self (hang af hoe swak of hoe goed die leerders is</p> <p>Swak = moet meer oefen en meer gedoen word in die klas sowel as by die huis</p> <p>In pare</p> <p>klasbespreking</p>	<p>hierdie leerder te akkommodeer</p> <p>Swak siende: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p>
--	--	--	--

<p><u>Lu 4 Skryf</u></p> <p>As 2 Skryf 'n sosiale doel:</p> <ul style="list-style-type: none"> skryf eenvoudige persoonlike briewe (soos: aanvaar 'n uitnodiging, reageer op 'n advertensie) en toon bewustheid van die kenmerke van die tekssoort. <p>As 3 Skryf vir persoonlike besinning:</p> <ul style="list-style-type: none"> skryf dagboekinskrywings. <p>As 5 Ontwerp mediatekste:</p> <ul style="list-style-type: none"> gebruik 'n raam om 'n eenvoudige advertensie te ontwerp; gebruik 'n raam om 'n eenvoudige brosjure te ontwerp. <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer</u></p> <p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p> <ul style="list-style-type: none"> stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as ...?); definieer en klassifiseer. <p>As 3 Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:</p> <ul style="list-style-type: none"> kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel 'n lys belangrike punte saam); doen eenvoudige navorsing en skryf 'n 	<ul style="list-style-type: none"> Hoe voel dit as jy griep het? Wie is geïmmuniseer? Wat behels hierdie prosedure? Dink julle vitamienes, rus en 'n gesonde lewenstyl sal jul immuunstelsels teen siektes soos griep help veg? Waarom/waarom nie? <p><u>Aktiwiteit 6</u></p> <p>Laat leerders nou in hul werkboeke verduidelik wat hulle onder die woorde griepandemie en griepepidemie verstaan. Hulle mag van woordeboeke gebruik maak.</p> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Die klaskamer word 'n nuuskantoor. Laat elke leerder 'n fotostaat oor die Mexikaanse griep artikel in sy werkboek plak. (<i>of enige ander nuusgebeurtenis wat nou nuuswaardig is</i>)</p> <p>Laat die klas in pare saamwerk en verslag lewer oor die stand van sake. Laat hulle die nuusberig oorskryf en die nuutste feite bywerk. (<i>weer eens - kry 'n tema/artikel waaroor julle opgewonde gaan raak</i>)</p> <p>Leerders moet 'n nuwe opskrif skryf, nuwe statistiek bywerk, die huidige graad van die pandemie beskryf, nuwe navorsingsbevindings uitwys, bronne aangee, 'n geskikte hooffoto vir hul berig verskaf en die artikel met minstens een grafiese voorstelling soos 'n grafiek toelig.</p> <p><u>Aktiwiteit 8</u></p> <p>Hou die nuus dop. Baie navorsing word gedoen oor die griep van 2009 en elke dag leer ons meer. Kyk watter nuwe inligting julle kan opspoor. Julle kan in pare saamwerk. Vind meer uit en gaan aanlyn. http://kidshealth.org/kid/ill_injure/sick/flu.html of http://www.unicef.org/influenzaresources/images/birdflugame(1).jpg</p>	<p>Self</p> <p>woordeboekgebruik</p> <p>In pare</p> <p>navorsing</p> <p>Hele klas</p> <p>Versameling van nuwe info</p>	<p><u>Skryfprobleme</u></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer praktiese van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p>
---	---	--	--

	<p><u>Aktiwiteit 12</u></p> <p>Maak 'n skets van jou liggaam en dui die simptome op die skelet/licgaam aan bv. Hoofpyn, koors, moegheid, bewerasies, spierpyn, loopneus, seer keel, hoes, maagdermontsteking, naarheid, hoes ens.</p>	<p>Skets Self portuurassessering</p>	
<p>Hulpmiddels:</p> <p>Nabetrating:</p>			

LESPLAN

(drama)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Drama

Tyd: Week 7-10			Graad: 7
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p><u>Lu 1 Luister As 2,4</u></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):</p> <ul style="list-style-type: none"> • beantwoord vrae wat toenemend moeilik word; • identifiseer perspektief, soos in twee vertellings oor dieselfde insident; • vertel oor en som op, met ondersteuning. <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> • reageer op idees en toon respek vir ander se standpunte; • vra vir bydraes van ander en reageer daarop; 	<p><u>Nota aan onderwyser:</u></p> <p>Die fokus op Eerste Addisionele Taal gebied is luister en praat.</p> <p>Onvoorbereide lees en gespreksvoering (10 punte) asook luisteraktiwiteite (10 punte) word hierdie kwartaal formeel getoets.</p> <p>Daar moet tydens hierdie kwartaal met navorsingsmateriaal gewerk word. Die leerders moet ook navorsingsmetodes kan toepas.</p> <p>Formele taak: Toets 2 sluit in Begripstoets (20) Taal (20) en 'n opsomming (50 tot 60 woorde). (10 punte) en die skryf van 'n vriendskaplike brief (20) Totaal: 70</p> <p><i>Sien Annexures B (bylaag) vir Luisteraktiwiteit se rubriek en vriendskaplike brief en ook hoe om 'n opsomming te merk.</i></p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p>		<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigsaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge</p>

<ul style="list-style-type: none"> wissel tale af, indien nodig. <p>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,9</p> <p>As 1 Lees 'n teks (fiksie of nie-fiksie);</p> <ul style="list-style-type: none"> neem kennis van die manier waarop 'n teks gekonstrueer is om 'n bepaalde wêreldbeskouing oor te dra (perspektief); neem kennis van die rol wat visuele beelde speel om betekenis te skep en te interpreteer; identifiseer kerngedagtes; toon begrip van karakter, intrige en ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste. <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> pas gepaste leestegnieke op verskillende teksoorte toe (soos: soeklees 'n reinrooster; stiplees instruksies; vluglees 'n koerantberig vir kernidees); verbeter en evalueer leesspoed; gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal). <p>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 4 000 tot 5 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 5 500 woorde te mik.</p>	<p>voorkom te ontleed.</p> <p><u>Aktiwiteit 5 (karakterisering)</u></p> <p>Laat die leerders in groepe of pare 'n persoonlikheidsprofiel van 'n bepaalde karakter saam stel. <i>Fokus op die volgende: spesiale vaardighede, talente, kenmerke, loopbaan en prestasies, outobiografiese besonderhede, spesifieke gebeure, lewenstyl, karaktereienskappe en beskrywing van sy/haar voorkoms.</i></p> <p>Trek kolomme op met opskrifte soos kenmerke en laat die leerders spontaan uitroep (<i>selfs in hul huistaal</i>) wat onder elke opskrif moet kom.</p> <p>Sit dit op teen jul klaskamermure.</p> <p><u>Aktiwiteit 6</u> mondeling aanbieding</p> <p>Kom stel hierdie persoon (<i>van jou persoonlikheidsprofiel</i>) mondeling aan jou klas voor. Maak gebruik van prente, illustrasies en foto's van die persoon om jou voorstelling op te helder.</p> <p><u>Aktiwiteit 7 (rolspel – dialoog - skryf)</u></p> <p>Verbeel jou dat hierdie persoon in lewende lywe teenwoordig is. Stel 5 vrae aan die karakter. Ruil jou vrae met die van 'n maat. Jou maat gee nou voor om die persoon te wees met wie jy die onderhoud wil voer en beantwoord jou vrae, terwyl jy weer die vrae beantwoord wat jou maat opgestel het.</p> <p><u>Aktiwiteit 8</u></p> <p>Werk saam met jou maat en dramatiseer julle dialoë voor die hele klas.</p>	<p>Hele klas of in pare of in groepe</p> <p>Uitstalling</p> <p>mondeling aanbieding</p> <p>self of in pare of in groepe</p> <p>informeel skryf van dialoog</p> <p>rolspel in pare</p> <p>rubriek</p>	<p>hierdie leerder te akkommodeer</p> <p>Swak siende: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p>
---	--	--	--

<p><u>Lu 4 Skryf As 4,6,7</u></p> <p>As 4 Skryf skeppend:</p> <ul style="list-style-type: none"> toon ontwikkelende vermoë om stories, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur dialoog by 'n storie in te sluit). <p>As 6 Benader skryf as 'n proses:</p> <ul style="list-style-type: none"> beplan 'n skryfstuk volgens die doel, teikengroep en konteks; skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities; gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf; gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; skenk aandag aan ontwerp en uitleg. <p>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> skryf 'n samehangende teks (soos deur voornaamwoorde te gebruik); begin om bewustelik vanuit 'n sekere perspektief te skryf. <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u></p> <p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p> <ul style="list-style-type: none"> stel en beantwoord meer komplekse vrae 	<p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Skryf 'n nuusberig oor die betrokke persoon deur die inligting te gebruik wat jy deur jou vrae ingesamel het. (<i>bv die karakter sterf in 'n brand of motorongeluk – onthou die wie, waar wanneer het dit gebeur in jou nuusberig</i>)</p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Verduidelik die belangrikheid van lees aan die leerders. Lees verbreed jou algemene kennis. Jy leer van ander lande, mense en situasies waaraan jy dalk nooit blootgestel sou gewees het as jy nie gelees het nie.</p> <p>Onthou die groep 7 leerders kom uit die <i>Boustene vir leer veldtog (Foundation for learning)</i> uit en was verondertsel om 'n halfuur per dag te gelees het in die verlede. Neem hulle gerus na jul skoolbiblioteek en laat hulle daar 'n boek kies (fiksie of nie-fiksie) wat by sy persoonlikheid en belangstelling pas, uitneem en lees.</p> <p>Begin 'n boekhoek in die klas waar leerders tydskrifte of selfs vandag se koerant kan lees.</p> <p>Toets gerus so onvoorbereide lees.</p> <p><u>Aktiwiteit 11</u></p> <p>Knip jou gunsteling strokiesprent (dit kan in enige taal wees) uit en plak dit op 'n vel papier. Gebruik flaterwater ("<i>tippex</i>") om die spraakborrel skoon te maak. Skryf nou jou eie dialoog tussen 2 van die karakters in die strokiesprent. Let op na die korrekte puntuasie en skryfwyse van die dialoog. Elke karakter moet ten minste 5 spreekbeurte hê.</p> <p>Ruil met 'n maat en dui die spel- en taalfoute met 'n ander kleur aan. Is die einde voorspelbaar of is daar 'n treffende slot? Kan jy daarop verbeter? Gee dan 'n nuwe skerper</p>	<p>informele oefening skryf van nuusberig</p> <p>toets onvoorbereide lees self rubriek</p> <p>Skryfoefening Maatassessering</p>	<p><u>Skryfprobleme</u></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p>
--	---	---	---

